ALGEMENE SINODE VAN DIE NED GEREF KERK

GENERAL SYNOD OF THE DUTCH REFORMED CHURCH

14 Augustus 2025

**NG Kerk gee uit medelye humanitêre hulp in Midde-Ooste**

Die Algemene Sinode Moderamen van die NG Kerk het op 11 Augustus 2025 besluit om R250 000 uit die Algemene Sinode se Rampfonds as humanitêre hulp in die geweldgeteisterde Midde-Ooste te skenk. Hierdie bydrae is 'n gebaar van Christelike liefde en barmhartigheid te midde van ontsettende menslike lyding, veral dié van kinders en weerloses in Gasa.

Die fondse word aan die *Middle East Council of Churches* (MECC) oorgedra, 'n ekumeniese liggaam wat na wye konsultasie in onder andere die *World Communion of Reformed Churches* geïdentifiseer is. Die MECC, met sowat 150 personeellede in Gasa, voorsien noodsaaklike mediese sorg, medisyne, voedsel, pastorale ondersteuning en ander basiese behoeftes aan mense in groot nood, met 'n besondere fokus op Christene wat by kerke skuil.

Soos met soortgelyke hulpverlening in 2023 na die aardbewings in Turkye, getuig hierdie besluit van die NG Kerk se oortuiging om nie weg te kyk van waar daar nood is nie, maar om in gehoorsaamheid uit te reik en hoop te probeer bied – ook buite Suid-Afrika. Vroeër vanjaar is daar pastoraal uitgereik na onder andere Mosambiekse kerkleiers en ander in wêrelddele waar konflikte woed. Dit sluit aan by die NG Kerk se Hervormingsdaggetuienis van 2024: *"Ons kan nie swyg oor geweld, oorloë, verskriklike lyding en vernietiging in die wêreld nie. Ons pleit vir 'n skietstaking en 'n blywende oplossing waardeur geregtigheid herstel kan word."* Die agtergrond daarvan is die besluit van die Algemene Sinode in 2023, dat alle mense na die beeld van God geskape is; dat gemeentes aangemoedig word om vir vrede en geregtigheid in Israel, Palestina en die hele Midde-Ooste te bid; en dat internasionale menseregtewette konsekwent deur alle groepe in Palestina en Israel toegepas moet word.

Die NG Kerk glo haar getuienis is duidelik wanneer lidmate en ampsdraers volhardend in hul binnekamers en eredienste bid vir vrede en versoening – in Suid-Afrika, die Midde-Ooste en wêreldwyd - en dit ook konkreet uitleef, soos deur hierdie daad by haar *gebed* te voeg.

**Dagbestuur van die Moderamen van die Algemene Sinode**
**NG Kerke in Suid-Afrika**